

24 JUNIE 2018

09:00 Erediens

Fay van Eeden

Preekreeks #3: Rut 'n stukkie dinamiet

18:00 Aanddiens – Kapel

Fay van Eeden

Preekreeks #4: Rut deur die oë van kunstenaars



Die boek Rut is 'n liefdesnovelle wat enige sepie vervelig laat lyk. Die verhaal laat 'n mens oor baie sake nadink – hoe God in 'n mens se lewe werk, hoe jy mense wat anders as jy is hanteer ens. Ons sluit vandag ons reis af met die laaste twee temas in die reeks.

1 JULIE 2018

09:00 Erediens – Doop

Immanuel van Tonder

09:30 Lynnwood Oord-diens

Prof. Nelus Niemand

18:00 Aanddiens – Kapel

Jakkie Strachan

8 JULIE 2018

09:00 Erediens

Quintus Smit

18:00 Aanddiens – Kapel

Juan Aveling

15 JULIE 2018

09:00 Erediens

Peet Crous

18:00 Aanddiens – Kapel

Jeanri Bezuidenhout

Winterfees

Ons hou om 19:00 op 29 Julie 2018 'n Winterfees na die aanddiens. Koste: R100 per persoon. Besprekings by die Info-tonbank of by die kerkkantoor. Moet dit nie misloop nie.

Al die dominees kom en gaan gedurende die vakansie. Die kerkkantoor het die rooster vir watter dominee aan diens is. Indien u met 'n dominee wil kontak maak, skakel gerus die kerkkantoor.

Voorbedding:

Charl en Linda Human en gesin, Queens Crescent 442, Lynnwood, 012 361 1470 – Charl se pa, Dirk, oorlede.

Sarel en Karin Stapelberg en gesin, Nutmeglaan 93, Newlands Uitbr 2, 083 985 0458 – Karin se pa siek.

Frans Henrico, Meerlust Villas 690, Meerluststraat, Equestria, 083 283 8701 – siek.

Dolf Brynard, Wilgers Aftree-oord 166, Trollopestraat, Willow Park Manor, 012 813 3217 – siek.


Aan almal wat met vakansie gaan – geiet die blaaskans en reis veilig.

Strawless in Seattle:

Ekologiebediening moedig die gemeente aan om minder plastiek te gebruik. Weier bv. om met wegneemetes enkel-gebruik-strooitjies te neem.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snap Scan.



Snap here to pay

 SnapScan

Kontak van die week: Ek het stilgestaan...

Joshua na die Reën het hierdie aangrypende stuk geskryf en op *Instagram* geplaas. Mag dit jou nooi om stil te staan, sodat jy dieper kan kyk as die oppervlak en dieper kan leef!

"Ek het stilgestaan by die gedagte agter 'n boom.

Sy houtgevegde stam, die blare uit sy takke, sy skadu oor wat dankbaar op die aarde onder hom uit die son skuil, en ek het gedink ek ken hom, maar toe begin ek hóór...Sy blare soos stembande wat sing op asem van die wind, gekreun van saamgestelde ritmes waaroor muses van musiek steeds besin en toe ek hierdie dinge begin raaksien kon ek voel hoe bome deurlopend aanhou om grense in my te verskuif.

Ek het weggeraak in 'n gedagte oor reën.

Die stukkies materie wat aandui wie van God se kinders word geseën? Sou ek dan soos die swerwers die wolke en die "seën" agtervolg, of sou ek my hier vestig en hulle my soms alleen moet los, my keuse, my lot? God is God, ek hoef niks te oordeel, die reën ook nie. Steeds bly reën soos seën, maar oordeel nie.

Ek het opgestaan weens die gedagte oor ras.

Ek het so 7 jaar terug vir die eerste keer agter gekom dat ek my lewe lank nog kleurblind was, en steeds is ;). Maar selfs in my blindheid kon ek die lewe geniet deur my eie groen en my eie rooi en skakerings van pers en giet. Ek vermoed dis wanneer jy ophou om te kyk met nét hiërdie oë wat lewe werklik lewe is, en my rooi ook jou rooi is.

Ek het jare spandeer aan die gedagte oor werk.

My amp, "wie ek is", "wat is ek werd". By die huis is ek gelyke, van 09:00 - 17:00 het ek beheer. Ek sukkel soms om die balans te vind terwyl tyd nog die genade het om my op 'n sagte manier te kan leer. Ek weet ek moet voorsien, en ek wil ook graag, maar ek wil gelyk voorsien in note en in liefde en in tyd.

Ek hou soms paartjies in hul 50's 60's dop.

Ek raak tranerig as ek 'n 60 jarige man en vrou styf teen mekaar sien sit, "dit spreek van jare se oor en oor onthou dat ons gelykes is 'iets wat uit een kom het goud uit die ander gedelf'. En as ek weer sien is dit 18:00, 19:00, 20 21 22Sondag.....en eendag tree ek af met moerse self verwyt.

Ek het ook gewonder oor die idee agter tyd.

Want soms sien ek jou vir 3 minute en jy maak iets in my lewend. En soms sien ons mekaar vir 3 dae en ons maak mekaar lewend. Maar soms sien ek jou vir 3 minute en ek maak iets in jou dood, is tyd dan eintlik tydloos as ons in ware liefde en aanvaarding leef."

T-Tyd

Hierdie refleksie van Joshua na die Reën nooi ons om stil te staan en tyd te maak vir refleksie. Wil jy nie tyd maak om intensioneel oor jou lewe na te dink nie? Ek nooi jou om dieper as die oppervlak te kyk en die onderstroom raak te sien, want dit bepaal die rigting. Lees gerus Ps. 139 wat onder andere bid: "*Deurgrond my, o God, deurgrond my hart!*".

Groete

Immanuel van Tonder

(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za



Gemeenskap

Kraakvars Classics: 'n lig-klassieke produksie aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark, vir fondsinsameling, op 26 Augustus om 16:00 by Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark. Soliste André Schwartz, Burgerd Botha, Henry van Dyk, Veramarie Meyer, Charlotte Killian, Helena Ceronio en die Capital Filharmoniese orkes onder leiding van Schalk van der Merwe. Kaartjies: 083 289 1869 danievr@lantic.net (Danie van Rensburg) R200 – R250).

Transoranje-Skool vir Dowes: Vir die eerste keer ooit gaan die gewilde groep TOUCH OF CLASS saam met Transoranje Gebare Koor 'n *SOUND OF SILENCE*-konsert hou op Donderdag 26 Julie 2018 om 19:00 in die Aula Teater, UP kampus. R150 p.p. (kinders onder 6 jaar gratis). Kaartjies kan bespreek word by transoranje3@gmail.com. Moenie dit misloop, hierdie konsert gaan baie spesiaal wees!

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.


Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.



Kontak ons: 012 348 1245, kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Web: www.nglynnwood.co.za

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by *Lynnwood Gemeente*,
Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.